# HILLCREST HIGH SCHOOL

AFRIKAANS EERSTE ADDISIONELE TAAL

GRAAD 10

VRAESTEL 2

JUNIE 2019

**PUNTE:** 70

**TYD:** 2 uur

Hierdie vraestel bestaan uit 12 bladsye.

## INSTRUKSIES EN INLIGTING

Lees AL die instruksies aandagtig deur voordat jy die vrae beantwoord.

1. Hierdie vraestel bestaan uit **TWEE** afdelings:

   **AFDELING A**: Kortverhale **(35)**

   **AFDELING B**: Gedigte **(35)**

2. Beantwoord **AL** die vrae in hierdie vraestel.

3. Nommer die antwoorde korrek volgens die nommers wat in hierdie vraestel gebruik is

4. Skryf jou onderwyseres se naam op die dekblad.

5. Begin **ELKE** afdeling op 'n **NUWE** bladsy.

6. Bestee ongeveer 60 minute aan elke afdeling.

7. Skryf netjies en leesbaar.

## AFDELING A: KORTVERHALE

Beantwoord al die vrae in hierdie afdeling.

### VRAAG 1: 'n Pa vir Saterdag - Christo Davids

**Lees die volgende uittreksel noukeurig deur en beantwoord al die vrae. Wees spesifiek in al jou antwoorde.**

"Hei, Tino." 'n Stem ruk hom uit sy dagdroom. "Die wedstryd is al vyftien minute gelede verby, my ou. Wat sit en vrek jy hier? Kom, Coach wil met ons praat." Die stem draf onder die pawiljoen in en verdwyn. Tino vryf met sy hand oor sy gesig, strek hom uit en kom dan eers agter dat hy nog steeds op die bank langs die kantlyn sit. Presies waar hy gesit het toe die wedstryd begin het. Hy staar uit oor die groen gras. Dis doodstil. Hy verbeel hom hy kan hoor hoe die gras weer asemhaal ná die wedstryd.
Daar kom 'n gelag van onder die pawiljoen. Dit laat hom finaal uit sy beswyming kom. Hy spring op en draf in die rigting van die stemme. Sy voetstappe weerklink in die sement in die leë gang. Die wit mure rondom hom laat dit voel asof hy vir ewig hardloop na die kleedkamer aan die einde van die gang.
"Groenheuwel, *YES*! Groenheuwel, *YES*!" hoor hy sy spanmaats toe hy die vertrek binnekom.

1.1 Hoe lank na die wedstryd het Tino nog langs die veld gesit? Haal 2 opeenvolgende woorde uit bogenoemde teks aan. [1]

1.2 Het Tino, volgens die uittreksel, aan die rugbywedstryd deelgeneem? Ja/ Nee. Haal 'n sin uit die uittreksel aan as motivering van jou antwoord. [1]

1.3 Watter aankondiging maak die skeidsregter in die kleedkamer wat vir Tino baie spanning besorg? [1]

1.4 Watter rol het Jerome in Tino se lewe gespeel? [1]

1.5 Motiveer waarom die stelling hieronder WAAR is.

Tino het geweet hoe sy pa lyk. [1]

1.6 Kies die korrekte antwoord. Skryf net die vraagnommer en die letter as antwoord neer.

Jerome sê vir Tino om skool klaar te maak sodat hy nie eendag

A. op 'n onwettige wyse sy geld moet verdien nie.
B. rugby moet speel nie
C. oorsee hoef te gaan nie.
D. sy pa hoef te ontmoet nie. [1]

1.7 Wie is die speler van die jaar in Groenheuwel Hoërskool? [1]

1.8 Pas die naam in KOLOM B by die uittreksel in KOLOM A. Skryf net die nommer en letter as antwoord, bv. 1.8.1 K.

| KOLOM A | KOLOM B |
|---|---|
| 1.8.1 "Tino, hoe gaaf van jou om by ons aan te sluit." | A. Afrigter |
| 1.8.2 "My pa wou al lankal kom kyk hoe ek speel." | B. Jerome |
| 1.8.3 "Kyk waar staan die tyd al, ek gaan laat wees." | C. Tino |
| 1.8.4 "Is jy mal, laaitie?" | D. Meneer Adonis |
| | E. Tino se ma |

[4]

1.9. Voltooi die volgende sin deur van die woorde tussen die hakies te kies. Skryf net die vraagnommer en die antwoord neer.

Aan die einde van die verhaal besluit Tino dat hy [eendag daar vir sy eie kinders sal wees / net vir die *coach* die waarheid gaan vertel]. [1]

[12]

## VRAAG 2 : Aspoestertjie en die drie bere - Nelia Engelbrecht

**Lees die volgende uittreksel noukeurig deur en beantwoord al die vrae. Wees spesifiek in jou antwoorde.**

> "Hou op worry oor die ding en koop vir jou 'n ander een," sê Vanessa. Ek vererg my sommer. Die "ding" het amper soveel gekos as wat ek in 'n maand in die restaurant verdien.
> "Lyk ek dalk vir jou soos een van die Hilton-erfgename?" vra ek vies.
> "Rosy sê die ouens gaan volgende jaar ook Noordkop Hoër toe", sê Triz vinnig. Sy keer altyd as ek en Vanessa mekaar aanvat. Ek zoem weer in op die ouens langsaan. Die drie is besig om uit die swembad te klim. Breë skouers en 'n breë glimlag maal drie. Miskien moet ek bietjie met hulle flirt.
> Nou kyk, flirt is my spesialiteit. Ek glo nie daaraan om ernstig te raak nie. Ek laat nie my hart breek nie, dankie. Dit het ek al vir myself uitgewerk toe ek tien was en my pa se Landrover vir die laaste keer by ons hek uitgery het.

2.1 Wie is die "drie" van wie die spreker praat? Wees baie spesifiek in jou antwoord. [1]

2.2 Hoe het Corli 'n gek van haarself gemaak toe hulle die drie seuns gaan ontmoet het? [1]

2.3 Watter leuen het Corli in verband met haar woonplek vertel? [1]

2.4 Motiveer waarom die volgende stelling ONWAAR is.

"Karlientjie is Triz se huishulp". [1]

2.5 Voltooi die volgende paragraaf deur van die woorde in die lys hieronder te gebruik. Skryf slegs die vraagnommer en die korrekte woord neer.

| | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|
| **bak** | **oefeninge** | **flirt** | **Kristen** | **klagtes** | **kougom** |
| **gepootjie** | **vyand** | **Vanessa** | | | |

Triz hou baie van 2.5.1.........en wen dadelik Grant se hart. By die restaurant waar Corli werk, daag Gareth met 2.5.2.....op. Sy is Corli en haar maats se grootste 2.5.3...... Hierdie meisie het baie 2.5.4..... oor Corli se diens en het haar later die aand 2.5.5.... [5]

2.6 In die uittreksel praat Vanessa van die "ding".
Wat was die "ding"? [1]

2.7. As watter sprokieskarakter sien Corli haarself aan die einde van die verhaal? [1]

**[11]**

**VRAAG 3: DIE KRIEKETKOLF - Erns Grundling**

Lees die volgende uittreksels deur en beantwoord al die vrae wat volg.

"*Dude*, daai was amper," fluister Marius.
"Ek weet," antwoord Okkert, "maar ek het darem redelik vorentoe getree."
"*Anyway*, ons raak agter met die *run rate*. Slaan die kort balle grens toe."
"*Shot*, ek maak so."
Hulle vuiste slaan liggies teen mekaar.
"Hey, ek *check* jou pa is hier."
Okkert kyk verbaas pawiljoen se kant toe. Hy kan nie glo wat hy <u>sien</u> nie. Sy pa se silwer Lexus staan jou waarlik onder die koeltebome. En bokant die oop deur troon die figuur van Okkert senior.

3.1. Waarom kan ons sê dat Okkert en Maruis twee tipiese tieners is?
Noem een ding uit bogenoemde uittreksel. [1]

3.2 Wat is dit wat Okkert "<u>sien</u>"? [1]

3.3 Waarom het Okkert innerlike konflik as gevolg van sy pa wat nou by die krieketwedstryd is? [1]

3.4 Gee 'n rede waarom ons kan sê dat die volgende stelling WAAR is.
Die antwoord is in bogenoemde uittreksel.

Okkert se pa is baie spoggerig. [1]

> Die bouler stel sy merkie 'n bietjie verder. Hier kom nóg 'n vinnige bal, dink Okkert. Snelbouers haat sesse. Die bouler draf in, trap vas en boul.
> Alles gebeur in stadige aksie ... Toe die bal Okkert bereik, het hy reeds heeltemal deurgeswaai met sy kolf omhoog soos 'n gholfstok. Sy kop is na die pawiljoen se kant gedraai met die verwagting om die bal, soos met die vorige aflewering, in die pawiljoen te sien verdwyn. Maar die bal tref sy middelpaaltjie en die balkies tuimel grond toe.
> Hy is skoongeboul. Die bouler het hom geflous met 'n *slow ball* – 'n onverwagse stadige aflewering. En hy het sy paaltjie weggegooi met 'n onnodige Twenty20-toertjie.

3.5 Wat is die naam van die skool waar hierdie krieketwedstryd plaasvind? [1]

3.6 Die skeidsregter sê Okkert is "uit"? Wat bedoel hy daarmee?
Haal 'n sin uit bogenoemde uittreksel as antwoord aan. [1]

3.7 Wat sou Okkert se beloning wees as hy 50 lopies in 'n krieketwedstryd aanteken? Wees spesifiek in jou antwoord. [1]

3.8 Hoekom is daar vandag so baie druk op Okkert om vandág sy 50-tal te kry? [1]

3.9 Kies die korrekte antwoord. Skryf net die vraagnommer en letter as antwoord neer.

Wanneer Okkert voel dat hoërskool vir hom 'n groot aanpassing is, bedoel hy dat

A. die hoërskoollewe maklik vir hom was.
B. hy moeilik in die hoërskool aangepas het.
C. hy groot skoolklere moes aanpas.
D. hoërskool nie vir hom was nie. [1]

3.10 Pas die inligting uit KOLOM B by die naam in KOLOM A.

| KOLOM A | KOLOM B |
|---|---|
| 3.10.1 Meneer Pienaar | A. 'n Hekkiesatleet |
| 3.10.2 Okkert senior | B. Die skeidsregter |
| | C. Beseer in 'n fietsongeluk |

[2]

3.11. Okkert het 'n hokkiestok as geskenk van sy pa gekry.

Wat, volgens dié verhaal, simboliseer die hokkiestok vir Okkert? [1]

**[12]**

**TOTAAL VIR AFDELING A = 35**

## AFDELING B: GEDIGTE

Beantwoord al die vrae in hierdie afdeling.

### VRAAG 1: Die gesteelde TV -

**Lees die volgende gedig en beantwoord al die vrae.**

1. Wiet julle,
2. dai was 'n cruel ding
3. wat ós gedoenit
4. ommie Old Age Home
5. se TV te steel.

6. Dink maar net:
7. die ienagste plesier vannie senior citizens-
8. Wat dink julle discuss hulle nou?
9. Die gesteelde TV.

10. En hoe spend hulle hulle lonely nights?
11. Hulle kyk met blênk loeks
12. narie blênk spot
13. waarie TV gestaanit.

14. Niks meer laat aane,
15. niks meer news,
16. niks meer kinnesprograms,
17. ennie kêk was saam merrie TV gesteel.

18. Terug na Springbokradio-
19. television sonner pictures.
20. Jig!

21. Dai klomp ou biene
22. het nou veels te veel tyd
23. om hulle kwale te re-examin.

24. Nei, ouens
25. ôs was varke
26. om hul boks speelgoed
27. soema soe af te vat.

28. Ek sê:
29. vanaand briek ôs weer in
30. byrie Old Age Home
31. en sit dai blênk-blerrie ding terug.

1.1 Kies die korrekte antwoord. Skryf net die vraagnommer en letter neer.

Die spreker van hierdie gedig is:

A. die eienaar van die ouetehuis.
B. 'n digter
C. 'n TV-aanbieder
D. 'n bendelid [1]

1.2 Watter WOORD in die eerste strofe dui aan dat daar meer as een persoon by die diefstal betrokke was? [1]

1.3 Wat dink die spreker bespreek die ou mense nou?
Haal 'n versreël as antwoord aan. [1]

1.4 Watter WOORD in strofe 3 impliseer dat die ou mense baie eensaam is? [1]

1.5 Noem 2 soorte programme waarna die ou mense altyd na gekyk het.
Jou antwoord moet in standaard Afrikaans wees. [2]

1.6 Kies die korrekte antwoord. Skryf net die vraagnommer en die letter neer.

Die ou mense het nie van die TV vergeet nie.
Ons weet dit, want die spreker beweer dat:

A. hulle nou net na die radio luister.
B. hulle nou na die leë plek waar die TV was, kyk.
C. hulle nie meer na enige programme kyk nie.
D. hulle praat nou net oor hulle kwale. [1]

1.7 Watter beeldspraak kom in versreël 26 voor? [1]

1.8 Waarna luister die ou mense nou? [1]

1.9 Hoe beskryf die spreker homself en sy maats in strofe ~~8~~ 7?
Haal 'n versreël as antwoord aan. [1]

1.10 Wat besluit die spreker in strofe 8 om in verband met die TV te doen?
Jou antwoord moet in standaard Afrikaans wees. [1]

**[11]**

## VRAAG 2: Martha - Ronelda S. Kamfer

**Lees die volgende gedig en beantwoord al die vrae.**

my ma se naam is Martha as
iemand my eendag vra hoe baie ek
haar liefhet sal ek net sê dat toe
ek vier jaar oud was het ek saam
met haar in die donker trug huis toe
gestap van 'n biduur af waar my
pa gewag het om haar te slaan
sodra sy instap my ma het altyd
vinnig gestap huis toe na haar
ander kinders en man
toe ek moes sukkel om by te bly
toe skielik toe begin ek te huil

alleen in die donker omdat al my
liefde vir haar niks beteken nie

2.1 Wat is die rymskema van hierdie gedig? [1]

2.2 Skryf die alliterasie neer wat in versreël 1 voorkom. [1]

2.3 Die spreker in hierdie gedig vertel van 'n gebeurtenis wat in haar kinderjare plaasgevind het.
Hoe oud was sy? [1]

2.4 Die woord "donker" word twee keer in hierdie gedig herhaal?
Wat is die rede daarvoor? [1]

2.5 Haal 4 OPEENVOLGENDE WOORDE aan wat sê dat die spreker se pa haar ma fisies aangerand het. [1]

2.6 Die volgende stelling is WAAR.
Motiveer deur 'n WOORD aan te haal.

Die spreker se ma was godsdienstig. [1]

2.7 Het die spreker se ma ander kinders gehad?
Sê JA of NEE en haal 3 opeenvolgende woorde as antwoord aan. [1]

2.8 Bespreek die ironie in versreël 9. [1]

2.9 Kies die korrekte antwoord. Skryf net die vraagnommer en letter neer.

Die volgende woord in die gedig sê vir ons dat die spreker ontsteld oor haar pa se optrede was:

A. "gestap"
B. "sukkel"
C. "huil"
D. "gewag" [1]

2.10 Wat noem ons 'n strofe met twee versreëls? [1]

2.11 Watter probleem in ons samelewing vorm die tema van hierdie gedig? [1]
**[11]**

## VRAAG 3: Halala Afrika – Johannes Kerkorrel

Beantwoord al die vrae wat volg.

1. Toe die wêreld hier nog jonk was [strofe 1]
2. en die horison wyd en oop
3. was dit groen hier in die halfrond
4. suid van die ewenaar
5. en in die skemer as die son sak
6. en die beeste huis toe loop
7. klink die roepstem van die vroue
8. oor die heuwels van die land:
9. halala, halala
10. ewig is ons afrika

11. tula tula mtanami [strofe 2]
12. tula tula sanaboni
13. tula tula mtanami
14. ubab uzobuya sihlale naye
15. ubab uzobuya sihlale sonke,

16. toe kom die skepe uit die weste [strofe 3]
17. wit seile oor die see
18. om te vra vir kos en water
19. en te bly vir soveel meer
20. En die land wat een tyd oop was
21. die land het ons verruil
22. vir die ghetto's van die stede
23. is ons koperdraad gegee

24. Halala, Afrika [strofe 4]
25. sasiphila kamnandi

mayibuye afrika

Daar was rykdom in die maag [strofe 5]
van ons moeder afrika
diamante en ook steenkool, goud, edelmetaal
en die mense word die slawe hier
want die mense word betaal
om te tonnel in die aarde
elke greintjie uit te haal

en die groot en oop grasvlaktes [strofe 6]
span dit toe met doringdraad
en van die olifant tot die gemsbok
al die diere moes kom buig
voor die mag van die grootwildjagter
voor die mag van sy groot geweer
totdat net die stilte oorbly
totdat net die stilte heers

halala, mayibuye afrika [strofe 7]

3.1 Watter woord in strofe 1 verwys na die breedtelyn om die middel van die aarde? [1]

3.2 Watter woord word in strofe 1 gebruik vir die tyd van die dag wanneer die son sak? [1]

3.3 Die gedig begin met die woord "Toe".

Na watter spesifieke tyd verwys hierdie woord? [1]

3.4 Haal 'n voorbeeld van alliterasie in strofe 1 aan. [1]

3.5 Kies die korrekte antwoord. Skryf net die vraagnommer en die letter neer.

Die toon van die woorde "halala, halala" in versreël 1 is:

A. hartseer.
B. ontsteld
C. vrolik
D. kwaad [1]

3.6 Die tweede strofe verwys na die kind se pa wat weer sal terugkom. Waar is die pa waarskynlik? [1]

3.7 Motiveer deur 'n versreël uit die gedig aan te haal waarom die volgende stelling WAAR is.

"die skepe uit die weste" het nie weggegaan nadat hulle kos en water gekry het nie. [1]

3.8 Kies uit KOLOM B die sin wat by die regte strofe in KOLOM A pas. Skryf net die vraagnommer en letter as antwoord neer.

| KOLOM A | KOLOM B |
|---|---|
| 3.8.1 Strofe 1 | A. Hoera, kom terug, Afrika Hooray kom back |
| 3.8.2 Strofe 3 | B. Die inheemse mense verruil hulle vryheid en land vir agterbuurtes forfeit land+freedom |
| 3.8.3 Strofe 5 | C. Jare gelede was ons land oop en vry en sonder geboue. |
| 3.8.4 Strofe 7 | D. Daar is rykdom in Afrika en myne ontstaan riches were mined |
| | E. Die gevoel in hierdie strofe is een van hartseer en verlies. sad |

[4]

3.9 Noem twee diere wat die grootwildjagters gejag het. [2]

**[13]**

**TOTAAL VAN AFDELING B: [35]**

**GROOTTOTAAL: [70]**

